SAKE 24 (Volksblad)
November 2011

SAKE 24 (Volksblad)
25 Nov 2011, p.20

METOLONG-PROJEK

Dam se ingenieurs aangestel

Vida Booysen

Bloemfontein. – Vordering word gemaak met die Metolongdam-projek in Lesotho.

Gister is aangekondig dat die gesamentlike onderneming van die multidissiplinêre ingenieurskonsultant GIBB en Consolidated Consultants van Jordanië (GIBB-CC-JV) die kontrak gekry het vir die gedetailleerde ontwerp van die dam en om toesig oor die konstruksiewerk te hou.

Die gesamentlike onderneming is verantwoordelik vir die ontwerp van die dam, die inlaat-toring, uitlaatwerke en die pompstasie.

Die dam moet water vir huishoudelike, nywerheids- en landbougebruik verskaf aan Maseru asook omliggende dorpe, soos Roma, Mazenod, Morija en Teyateyaneng.

Hiervan vorm die konstruksie van die dam self 'n beduidende deel. Volgens mnr. Colin Logan, direkteur van damme, hidrokrag en ondergrondse werk van GIBB, sal die dam sowat 35 km van Maseru in die Phutsiatsanarivier gebou word.

"Dié projek vorm deel van die Lesotho-Laagland-waterskema wat toegang tot water vir Lesotho se laagliggende dele moet verbeter en só ekonomiese groei ondersteun," sê Logan.

Dié dele ondervind erge watertekorte weens die groter vraag van die nywerheidsektor, vinnige verstedeliking en tydperke van droogte, veral in die winter. Die damwal sal 83 m hoog wees, met 'n kruinlengte van 270 m en 'n opgaarvermoë van 63,7 miljoen m^3.

Logan sê die terrein is baie steil en een van die uitdagings sal wees om te verseker dat daar voldoende toegang tot die voorgestelde terrein vir die damwal sal wees, sodat die uitgrawings vir die fondament kan plaasvind.

Die projek word deur die Metolongdam-owerheid bestuur en sal na verwagting in 2013 voltooi wees. Die dam sal waarskynlik in die somer van 2012-'13 in gebruik geneem word.